higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N420**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

11 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. In AFDELING B moet elke vraag op ‘n NUWE bladsy beantwoord word.
5. Laat ‘n reël oop na elke subvraag.
6. Begin elke afdeling op ‘n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommmer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die dagsorgsentrum bied 'n belangrike diens aan wanneer moeders moet werk.

1.2 Ouers hoef nie te weet wat die inhoud is van die televisieprogramme waarna hulle kinders kyk nie, omdat alle kinderprogramme geskik is vir hulle kinders.

1.3 Die hoofgebeurtenis in die ontwikkeling van 'n twee- tot drie-jarige is verkenning ('exploration').

1.4 Taal en spraak is dieselfde.

1.5 Die ontwikkeling van ouditiewe persepsie is 'n belangrike vaardigheid vir ekspressiewe taalbegrip.

1.6 Die soort ouerskapstyl het nie 'n invloed op die ontwikkeling van taal vir die jong kind nie, omdat die enigste faktor intelligensie is.

1.7 Kinders met 'n negatiewe selfbegrip het oor die algemeen 'n hoë vlak van angs.

1.8 Identiteitsoproeping ('Identity foreclosure') vind plaas wanneer die adolessent nog in 'n krisistydperk is en aktief die alternatiewe ondersoek.

1.9 Die vorming van geslagsidentiteit word beïnvloed deur die adolessent se verhouding met die ouer van dieselfde geslag.

1.10 Alle stres is skadelik vir 'n mens.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 … is die proses waar die kind leer om te voldoen aan die standaarde wat van die gemeenskap verwag word.

A Ryping ('Maturation')
B Sosialisering
C Volwassenheid
D Formele operasionele denke

2.2 Babas huil wanneer hulle ‘n persoon sien wat hulle nie ken nie. Dit staan bekend as …

A skeidingsangs.
B emosionele gehegtheid.
C wantroue.
D vreemdelinge-angs.

2.3 Hierdie term beskryf die soort gedrag waar die kind ander kinders se speelgoed vat, leuens vertel en oor die algemeen aggressiewe gedrag toon.

A Pro-sosiale gedrag
B Ondeundheid (‘Mischievousness’)
C Anti-sosiale gedrag
D Identiteitskrisis

2.4 Die temperament van ‘n persoon wat ‘n ekstrovert is en daarvan hou om vriende te maak.

A Sanguinies
B Choleries
C Melancholies
D Flegmaties

2.5 Die woordeskat van ‘n kind wanneer dit woorde insluit wat die kind verstaan, maar nie aktief gebruik nie.

A Nie-verbale kommunikasie
B Nie-verbale taal
C Woordeskat
D Verbale taal

2.6 Die kind se begrip van die gesproke en geskrewe woord, of luistertaal, staan bekend as:

A Ekspressiewe taal
B Ontvanklike taal (‘Receptive language’)
C Verbale taal
D Geskrewe taal

2.7 Die inkomstevlak van die ouers wat ‘n rol in taalontwikkeling kan speel.

A Bekostigbaarheid
B Opvoedkundige vlak
C Sosio-ekonomiese status
D Deprivasie

Kopiereg voorbehou

2.8 Die term wat beskryf wat die kind van hom/haarself dink:

A Selfkonsep
B Selfagting
C Identiteit
D Selfbeeld

2.9 Lede van ‘n sosiale groep wat gewillig is om te doen wat die meerderheid van die groep wil doen.

A Leiers
B Volgers
C Konstruktiewe lede
D Destruktiewe lede

2.10 Die manier waarop die liggaam op omgewingsgebeure reageer:

A Ongesteldheid (‘Illness’)
B Siekte (‘Disease’)
C Stres
D Allergie

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Psigoterapie	A	word gevoer met ‘n verteenwoordigende groep mense
3.2	Projeksietoetse	B	deelnemers word beoordeel volgens ‘n spesifieke gedragseienskap
3.3	Direkte waarneming	C	help die pasiënt om hom/haarself te verstaan
3.4	Opnames (‘Surveys’)	D	‘n gedetailleerde verslag van ‘n persoon se persoonlikheidseienskappe
3.5	Onderhoude (‘Interviews’)	E	‘n videokamera kan gebruik word
		F	‘n gestruktureerde stel vrae word gebruik
		G	daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Bespreek VYF oogmerke van sosialisering van die voorskoolse kind. (5 × 2) (10)

4.2 Televisie het nie altyd ‘n stimulerende en positiewe uitwerking op kinders nie.

Gee DRIE maniere waarop ouers die negatiewe impak van televisie op kinders kan verminder. (3 × 2) (6)

4.3 Wat kan die praktisyn vir vroeë kinderontwikkeling (‘ECD practitioner’) doen om die kind te help om die ‘*inisiatief versus skuldgevoel’*-stadium van ontwikkeling te oorkom?

Gee DRIE voorbeelde. (3 × 2) (6)

4.4 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.4.1	Flegmaties	A	ekstrovert en hou daarvan om vriende te maak
4.4.2	Sanguinies	B	nydig en afgunstig
4.4.3	Choleries	C	selftevrede (‘self-content’) en goedhartig
4.4.4	Melancholies	D	iesegrimmig en luidrugtig
		E	teruggetrokke
		F	werk goed in ‘n span

(4 × 2) (8)

4.5 Bespreek Stadium 1 van Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling. (3 × 2) (6)

4.6 Volgens Freud is die '*id*' die setel van instinkte en primitiewe behoeftes.

Noem die TWEE instinkte wat menslike gedrag dryf. (2 × 2) (4)

4.7 Noem die *projeksietoetse* en verduidelik hoe hulle in persoonlikheidsevaluering gebruik word. (6 × 1) (6)

4.8 Gee TWEE nadele van die gebruik van gevallestudies in persoonlikheidsevaluering. (2 × 2) (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem VYF maniere hoe ‘n baba kommunikeer. (5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik hoe die volgende faktore die ontwikkeling van taal beïnvloed:

5.2.1 Omgewing (4 × 1) (4)

5.2.2 Intelligensie (3 × 1) (3)

5.3 Hakkel (‘Stuttering’) is ‘n algemene spraakprobleem by kinders tydens die voorskoolse jare.

5.3.1 Onderskei tussen *normale hakkel* en *volgehoue hakkel*. (2 × 2) (4)

5.3.2 Hoe kan die praktisyn vir vroeë kinderontwikkeling (‘ECD practitioner’) die kind wat hakkel help?

Gee VYF riglyne. (5 × 2) (10)

5.4 Watter raad sal jy, as die praktisyn vir vroeë kinderontwikkeling, gee aan die ouers van ‘n tweetalige kind?

Bespreek VYF riglyne. (5 × 2) (10)

5.5 Verduidelik kortliks die volgende soorte versteurings by jong kinders:

5.5.1 Outisme

5.5.2 Afasie (‘Aphasia’)

5.5.3 Psigose

5.5.4 Elektiewe mutisme

(4 × 2) (8)

5.6 Gee DRIE moontlike oorsake van spraakgebreke by jong kinders. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 6

6.1 Bespreek kortliks hoe die volgende konsepte identiteitsvorming in die adolessent beïnvloed:

6.1.1 Identiteitsoproeping (‘Identity foreclosure’)

6.1.2 Identiteitsdiffusie (‘Identity diffusion’)

6.1.3 Eksperimentering

6.1.4 Puberteit

(4 × 2) (8)

6.2 Bespreek die belangrikheid van vriendskap vir die adolessent. (4 × 2) (8)

6.3 Om ‘n volger te wees is soms makliker as om ‘n leier te wees.

Gee VIER redes waarom dit makliker is vir die adolessent om ‘n volger te wees as ‘n leier. (4 × 2) (8)

6.4 Stres is deel van ons lewens.

6.4.1 Definieer die term *stres*. (3 × 1) (3)

6.4.2 Verduidelik stres by die werk. (3 × 2) (6)

6.4.3 Gee VYF emosionele uitwerkings van stres. (5 × 1) (5)

6.5 Watter invloed het egskeiding op die jong kind? Bespreek DRIE moontlike uitwerkings wat egskeiding op die kind kan hê. (3 × 2) (6)

6.6 Bespreek DRIE uitwerkings wat rassediskriminasie en -vooroordeel op die jong kind kan hê. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou